

Geesvervuldheid maak die regte soort musiek!

Sing en jubel met julie hele hart tot eer van die Here (Efesiers 5:19)

Die werking van God se Gees en musiek loop ook hand aan hand. Dit leer Paulus my in Efesiers 5:19. Om Geesvervuld te wees beteken om nuwe liedere te sing. Dit beteken om God se lof vanuit my hart te laat opbruis oor my lippe. Die Gees maak my tot oorlopens toe vol met dankbaarheid. Hy oorstroom my met lof en vreugde. Daarom kan ek nie anders as om te sing nie. Daarom wil ek van die bergtoppe af uitroep dat God groot en goed is. Daarom wil ek op elke straathoek uitbasuin dat die Here se dae mooi en prysenswaardig is.

Geesvervulde sang is hartmusiek. Dit kom van binne af. Dit borrel oor in my stem. Dit is altyd gevul met lof en dank. Daar's nie tyd of plek vir kla en jammerkryliedjies wanneer die Gees werk me. Daar's immers geen klaagliedere of verbitterde gedigte meer in die Nuwe Testament te bespeur me. Vandat die era van die Gees aangebreek het, sing ons net blye liedere. Nou juig ons. Ons huppel van vreugde en dans rond in die teenwoordigheid van ons wonderlike God. Sy lof is nou permanent op ons lippe, nie ons eie swaarkry of seer nie. Nou maak die Gees ons oorvol met God se glorie en dolleeg van ons eie selfsug en nonsens. Nou laat Hy ons van onself vergeet en slegs van God onthou.

Prof. Stephan Joubert

Saam-praat:

1 Watter verband is daar tussen Geesvervuldheid en lofprysing?

2 Watter plek het lofprysing in jou persoonlike lewe?

3 Hoe kan ons meer van lofprysing maak in ons lewe, omgeegroep en gemeente?



Worship